

# Hoërskool Ellisras



## Gevorderde Program Wiskunde

Vraestel I: Algebra en Calculus

**Gr. 12**

**Rekord 2019**

**Eksaminator: H. Glas**

**Tyd: 2 ure**

**Punte: 200**

---

### INSTRUKSIES EN INLIGTING

Gee aandag aan die volgende instruksies

1. Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye. `n Formuleblad word verskaf. Maak seker dat jou vraestel volledig is.
2. Beantwoord alle vrae.
3. Nommer jou antwoorde presies soos die vroeë genommer is.
4. Jy mag `n nie-programmeerbare en nie-grafiese sakrekenaar gebruik tensy anders gemeld.
5. Gee antwoorde korrek tot 2 desimale plekke.
6. Alle nodige bewerkings moet duidelik aangetoon word.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en netjies en sistematies te werk

*The difference between ordinary en extraordinary is that little extra.*

- Jimmy Johnson

**VRAAG 1**

Bewys deur Wiskundige Induksie dat vir alle  $\sum_{i=1}^n i^3 = \frac{n^2(n+1)^2}{4}$  [15]  $n \in \mathbb{N}$ .

**VRAAG 2**

2.1 Los op vir  $x \in \mathbb{R}$ , sonder die gebruik van 'n sakrekenaar en toon alle nodige stappe:

$$2.1.1 |x|^2 - 3|x| - 28 = 0 \quad (6)$$

$$2.1.2 \ln x^3 + 2\ln x^2 = 7 \quad (6)$$

$$2.1.3 e^{|x-3|} = 2 \quad (5)$$

2.2 Die gemiddelde loopspoed,  $R$  in meter per sekonde, van mense in 'n stad met 'n populasie,  $P$ , in duisende, word gegee deur:

$$R = 0,37\ln P + 0,5$$

2.2.1. Die populasie in Mbombela is 660 000. Bepaal die gemiddelde loopspoed. (4)

2.2.2. Polokwane se populasie het 'n gemiddelde loopspoed van  $2,3 \text{ ms}^{-1}$ . Bepaal die populasie.

(6)  
[27]

**VRAAG 3**

3.1 As  $3 + 2i$  'n nulpunt is van  $f(x) = 2x^3 - 13x^2 + 32x - 13$ , bepaal die ander oplossings van  $f(x) = 0$ . (8)

3.2 Bereken die waarde van  $p$  en  $q$  as:  $i|2 - i| = p + qi$  (7)

[15]

**VRAAG 4**

4.1 Gegee:  $f(x) = ax + b$

Bepaal die waardes van die konstantes  $a$  en  $b$  indien

$$f \circ f(x) = 9x + 20 \quad (9)$$


4.2 Gegee:  $f(x) = \begin{cases} e^x + 1 & x < 0 \\ x^2 + 2 & 0 \leq x \leq 2 \\ \ln(x - 1) & x > 2 \end{cases}$

- 4.2.1 Skets die grafiek van  $f(x)$ . (6)  
 4.2.2 Bepaal of  $f$  differensieerbaar is by  $x = 0$  (8)  
 4.2.3 Bepaal of  $f$  differensieerbaar is by  $x = 2$  (2)

[25]

**VRAAG 5**

Beskou die diagram hieronder. Die geskakeerde segment het 'n oppervlakte van  $308 \text{ cm}^2$ .



- 5.1 Toon, deur die gegewe oppervlakte te gebruik, dat  $\theta$  die volgende vergelyking bevredig:  $162\theta - 162\sin\theta - 308 = 0$  (6)
- 5.2 Gebruik Newton-Raphson-herhaling om  $\theta$  (in radiale) tot 5 desimale plekke te bepaal deur 'n aanvanklike benadering van 2 radiale te gebruik. Jy moet die iteratiewe formule noem wat jy gebruik het om jou antwoord te kry. (8)

[14]

**VRAAG 6**

6.1 Die vergelyking van 'n kromme is  $3x^2 + 2xy + y^2 = 6$ . Dit word gegee dat daar twee punte op die kromme is waar die raaklyn ewewydig is aan die x-as .

6.1.1 Gebruik differensiasie en toon aan dat by die punte  $y = -3x$  . (6)

6.1.2 Bepaal vervolgens die koördinate van die twee punte. (4)

6.2 Gegee:  $y = \ln\left(\frac{x-2}{x}\right)$

6.2.1 Toon aan dat  $y' = \frac{2}{x(x-2)}$  (6)

6.2.2 Ontbind  $\frac{2}{x(x-2)}$  in parsiële breuke. (5)

6.2.3 Bepaal vervolgens of andersins  $y''$  en  $\int y' dx$  (10)

[31]

**VRAAG 7**

Teken 'n sketsgrafiek van  $f(x)$ . Toon duidelik alle afsnitte met die asse, asymptote en stasionêre punte aan.

$$f(x) = \frac{(x-1)^2(x-3)}{x^2}$$

[28]

**VRAAG 8**

8.1. Bepaal die volgende integrale:

8.1.1  $\int \frac{2x}{\sqrt{5x^2 - 1}} dx$  (7)

8.1.2  $\int \sin 5x \cdot \sin 6x dx$  (6)

8.2 Bepaal die volgende integraal deur stuksgewyse integrasie:


$$\int x^2 \cos x dx \quad (10)$$

8.3 Laat  $R$  die gebied begrens deur die krommes  $y = a^2 - x^2$  en  $y = x^2 - a^2$

wees. Vir watter waarde van  $a > 0$  is die oppervlakte van gebied

$R$  gelyk aan 72? (10)

[33]

**VRAAG 9**

Die diagram toon die kromme  $y = (1 + 4x)^{\frac{1}{2}}$  en punt  $P(6 ; 5)$  wat op die kromme lê.

Die lyn  $PQ$  sny die  $x$ -as by  $Q(8 ; 0)$

The diagram shows part of the curve  $y = (1 + 4x)^{\frac{1}{2}}$  and point  $P(6 ; 5)$  lying on the curve.

The line  $PQ$  intersects the  $x$ -axis at  $Q(8 ; 0)$ .

- 9.1 Toon aan dat  $PQ$  die normaal aan die kromme is. (9)
- 9.2 Bepaal die vergelyking van die lyn  $PQ$ . (3)
- 9.3 Bepaal nou die eksakte volume van die omwentelingsliggaam as die geskakeerde gebied om die  $x$ -as gewentel word. (7)

**[19]**

**200**